Jaargang 59 Nr. 3

ISSN 1029-8754
Desember 2011

50 (1999)

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

My wetenskap vra van my rekenskap

So bely die VCHO sy:

Doel:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

Grondslag

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

Missie

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Calvyn

Ps. 25:2 – … *my God, op U vertrou ek*
Die vrome vertrou op sy Hemelse Vader

Jy kan God nie suiwer leer ken nie, tensy jy Hom erken as die Bron en Oorsprong van alles wat goed is. Daaruit sou die verlange om getrou aan Hom te wees en op Hom te vertrou, gebore kon word. Maar deur sy eie verdorwenheid het die mens van die regte spoor afgedwaal. In die Paradys het die mens nie vir hom die een of ander god versin nie. Hy het slegs opgesien na die Enigste en Waaragtige. Hy het nie vir hom 'n voorstelling van God volgens sy eie goeddunke gemaak nie, maar was tevrede om Hom te aanvaar soos Hy Hom openbaar. Met die grootste nougesetheid was hy steeds op sy hoede om nie met brutale onbesonnenheid buite God se wil te beweeg en op die verkeerde spoor af te dwaal nie. Hy het homself toevertrou aan sy Beskermer en Bewaarder wat hy as sodanig geken het, omdat hy begryp het dat Hy alle dinge bestuur. En daarom het hy hom heeltemal aan sy trou oorgegee. Die vrome weet dat God die Bewerker is van alle goeie dinge. Daarom stel hy hom onmiddellik onder sy beskerming sodra iets hom hinder of ontbreek. Omdat hy oortuig is van sy goedheid en barmhartigheid, leun hy met vaste vertoue op Hom. Hy twyfel nie dat daar vir alle kwaad wat hom oorkom, altyd in sy goedertierenheid 'n geneesmiddel sal wees nie. Omdat hy Hom erken as Here en Vader, ag hy Hom ook so hoog dat hy in alles op sy gesag let. Hy eerbiedig sy majesteit. Hy strewe daarna om Hom te verheerlik en sy gebooie te gehoorsaam …

Hy weerhou hom daarvan om te sondig, maar nie alleen uit vrees vir straf nie. Wel omdat hy God as sy Vader liefhet en eer en as sy Here eerbiedig en dien, huiwer hy om Hom enige aanstoot te gee.

Inst. I. 2, 2

Vader, ek wil U vrees en dien omdat ek U liefhet.

In hierdie uitgawe

Terugskouend	1
Bybelse standpuntinname	3
Gelofte	7
Evolusieleer in skole	9
Transformasie	14
AROS	18
Vrouemonument	19

Terugskouend op die afgelope jaar

Konferensie en kongres

Op 16 en 17 September onderskeidelik het 'n konferensie, asook die agtiemaandelikse kongres van ons Vereniging in Potchefstroom plaasgevind.

Die tema was "Teïstiese evolusie en ons Christelike geloof – is dié twee versoenbaar?". Die doel daarvan, soos uit die tema blyk, was om teïstiese evolusie as 'n wetenskapsbeskouing aan te hoor, dit vanuit die Christelike perspektief te beoordeel, en te besluit of dit met ons Christelike geloof versoenbaar sou wees, al dan nie. Tydens die konferensie (16de) het prof. Moraal van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom geargumenteer ten gunste van die aanvaarbaarheid daarvan vir die Christelike geloof, gegrond op die wetenskaplike uitgangspunte. Dr Coetzee van Mintek het egter aangetoon dat, vanuit die wetenskap van die informasieteorie beoordeel, daar net te veel weersprekings is om die aansprake van teïstiese evolusie vir die Christelike geloof aanvaarbaar te maak. Dit is weersprekinge wat met van die mees kardinale aspekte van die evolusieteorie verband hou.

Tydens die kongres (17de) is daar op die tema voortgebou, deur vanuit ons reformatoriese lewens-/wetenskapsbeskouing aan die uitwerking van die evolusieleer op die teologie, en die aanwending en toepassing daarvan op die onderwys te fokus. Die kongres is met die gevolgtrekkende slotreferaat, waarin die reformatoriese standpuntinname gelewer was, afgesluit. Die doel met hierdie uitgawe van ons tydskrif is dat ván die referate wat te Potchefstroom gelewer was, en waaroor in hierdie stadium beskik word, te publiseer. Twee van die referate wat tydens die kongres gelewer was, is hiervoor gereed. Dit is naamlik eerstens dié van ds Hendrik Hefer, wie se referaat oor die Bybelse standpuntinname gehandel het. Die tweede is dié van Morné Diedericks, vierdejaarstudent van die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studie. Sy referaat het oor die aanwending en toepassing van evolusieleer in die onderwys gehandel.

> Soos uit die essensie van mnr Diedericks se referaat gesien sal word, word die kurrikula soos vir skole van die openbare skolebedeling en dié vir die Noordwes-Universiteit, geheel en al deur die evolusieleer opgeneem. Dit is só saamgestel dat by evaluering daarvan, dit nie anders verstaan kan word nie as dat evolusieleer as die enigste wetenskap vir die relevante vakgebiede aangebied word. Daar word, byvoorbeeld, nie óók vir die Christelike wetenskapsbeskouing en -leer voorsiening gemaak nie, hoewel talle leerlinge en studente aan gemelde instellings van Christelike oortuiging is.

Desondanks die feit dat die konferensie en kongres die Christelike lewens-/ wetenskapsbeskouing as direk in stryd met (antiteties teenoor) die evolusionistiese aangetoon het, word aan duisende Christenskoliere en -studente die niechristelike wetenskapsbeskouing van die evolusionisme geleer. En dit nogal aan universiteite wat eens by die Christelike belydenis gestaan het. Mnr Diedericks is van oordeel dat dit ook by van die ander universiteite die geval sou wees, hoewel hy sy ondersoek tot slegs een bepaal het.

Ons lesers wat in die DVD-opname van die konferensie en kongres belangstel kan die kantoor skakel. 'n Eerste 30 opnames is reeds gemaak, en kan teen R55 (posgeld ingesluit) van die kantoor bekom word.

Ons lesers se aandag word ook gevestig op die mediaverklaring wat na afloop van die verrigtinge vrygestel is (kyk bl. 16).

Akademie Reformatoriese Onderwys en Studie

In hierdie uitgawe kan ook meer oor die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studie gelees word. Die Akademie is pas geregistreer om die grondslagfase van die B.Ed.-graad te kan aanbied. Die Akademie staan op die Christelik-gereformeerde oortuiging, wat ook die inhoude van die kurrikulum bepaal. Ons hartlike gelukwense gaan aan die Akademie, met wie die VCHO die afgelope jare 'n baie goeie verbintenis opgebou het. Die verwikkelinge by die Akademie word as uiters verblydend waardeer, aangesien dit doelgerigte optrede in belang van ons Christelike-reformatoriese strewe daarstel, sodat studente met hierdie lewens-/wetenskapsbeskouing toegerus kan word. Ons vertroue is dat die Akademie van krag tot krag vorentoe sal gaan, onder die seënende hand van die Here.

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis:*

Artikel 1

Dat daar 'n enige God is

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige Geestelike wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

Artikel 2

Die middele waardeur God geken kan word

Ons ken Hom deur twee middele: Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die apostel Paulus sê (Rm. 1:20); dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort.

’n Bybelse standpuntinname: Die evolusionistiese of die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing

Ds Hendrik Hefer

Inleiding: evolusionisties en reformatories

Die reformatoriese[1] lewens- en wêreldbeskouing is gebou op die Heilige Skrif as die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van God. Die Woord is die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid nie. Daarom is dit volkome betroubaar en gesagvol. Hierdie Woord is die lamp wat ons die weg wys, die lig op ons pad.[2] Die keuse vir die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing is dus ’n keuse vir God, ’n keuse vir Sy Woord en ’n keuse vir Sy eer. En natuurlik, ’n keuse teen evolusionisme!

Dit is onmoontlik om evolusionisties én reformatories te wees – die een sluit die ander uit! Die evolusionistiese lewens- en wêreldbeskouing laat geen ruimte vir God, Sy Woord of Sy heerskappy in die skepping en in die lewe van die mens nie. Evolusionisme ontken die bestaan van ’n Almagtige, Alwyse en Persoonlike Skepper wat alles wat bestaan geskape het, wat alles deur Sy goddelike krag onderhou en wat oor Sy hele skepping heers.[3] ’n Keuse vir die evolusionistiese lewens- en wêreldbeskouing is dus ’n keuse teen God, teen Sy waarheid, teen Sy eer!

Dit is voor die handliggend dat die keuse vir die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing ook ’n keuse teen die sogenaamde teïstiese evolusie is. Teïstiese evolusioniste maak daarop aanspraak dat hulle ’n brug tussen die Christelike geloof en die natuurwetenskappe bou, sodat hulle dié twee met mekaar kan versoen. Wanneer hul standpunte egter beoordeel word, is dit duidelik dat dit nie die toets van God se Woord kan deurstaan nie. Niemand wat die gereformeerde belydenis behoorlik verstaan en van harte glo, kan ’n teïstiese evolusionis wees nie.

Wat is dan die wese van ’n keuse vir die reformatoriese lewens en wêreldbeskouing?

’n Keuse vir die Woord van God

Dit is ’n keuse vir die Woord! Gereformeerdes[4] glo dat die Bybel die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van die Lewende God is. In die taal van Augustinus: ‘Wat die Woord sê, sê God.’ Reeds omdat die Bybel die Woord van God is, bely ons dat dit volkome betroubaar en gesagvol is.

Wanneer ons bely dat die Skrif betroubaar is, spreek ons die oortuiging uit dat alles wat daarin opgeteken is, *die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie*. In die woorde van Jesus Christus: “U woord is die waarheid.”[5] Die Skrif se verkondiging met betrekking tot God en Sy raadsplan, die Persoon en die werk van Christus, die verlossingsboodskap, die wese, lewe en roeping van die kerk, die wil van God … is waar en betroubaar.

Deurdat die Skrif waar en betroubaar is, is dit die onfeilbare maatstaf vir die leer en lewe van die kerk van Christus. Ons kan (en moet!) met vrymoedigheid ons geloof daarop grond, daarna rig en daarmee bevestig.[6] Ons móét ook ons denke, gesindhede, motiewe en standpunte daardeur laat heilig en ons lewe daarvolgens inrig.

Die betroubaarheid van die Bybel is egter nie beperk tot die geloofswaarheid wat daarin verkondig word nie! Al is dit so dat die Bybel nie ’n geskiedkundige- of natuurwetenskaplike handboek is nie, is die uitsprake van die Skrif oor die natuur en oor die geskiedenis betroubaar.

Die Outeur van die Skrif is die Skepper van hemel en aarde. Hy het ook die “boek van die natuur”[7] geskryf. Wanneer dit vir ons lyk of die twee boeke mekaar weerspreek, moet ons weet dat ons een of albei verkeerd verstaan. Óf ons verstaan van die Heilige Skrif óf ons wetenskaplike teorie – of albei – laat ons in die steek!

Dikwels word die standpunt gehuldig dat groot dele van die Bybel kultuurbepaald en daarom tydgebonde is. Voorstanders van die standpunt beweer dat die Bybelskrywers maar net “mense van hul tyd was.” Hulle was so deur hul kultuur en tydsgees beïnvloed, dat hul boodskap daardeur bepaal is. Verder is hulle gekniehalter deur hul gebrek aan kennis van die natuur- en menswetenskappe. Daarom is hul geskrifte “tydgebonde” en is groot dele van die Bybel nie meer vir die kerk van die 21ste eeu gesagvol nie.[8] Teenoor hierdie ongeloofstandpunt bely ons dat die boodskap van die Bybelskrywers nie deur hul kultuur bepaal is nie, maar deur die Heilige Gees wat Sy Woord aan hulle geopen-

1 Vir die doel van hierdie lesing word reformatories as die onderskrywing van die gereformeerde belydenis soos dit in die belydenisskrifte van die reformatoriese kerke in die 16de en 17de eeue neerslag gevind het, omskryf.

2 Ps. 119:105 en130

3 Gen. 1 en 2; Job. 38-41; Ps. 33:4-9; Jes. 40:12-31; 44:24; 45:18; Hand. 17:21-29; Joh. 1:1-3; 1 Kor. 8:5-6; Kol. 1:15-18; Heb. 1:1-3, 10-12; 11:3.

4 “Gereformeerdes” in hierdie lesing verwys na diegene wat die reformatoriese geloofsoortuiging handhaaf.

5 Joh. 17:17

6 Vergelyk die *Nederlandse Geloofsbelydenis* Artikel 5

7 Vergelyk die *Nederlandse Geloofsbelydenis* Artikel 2

8 Byvoorbeeld die uitsprake van die apostel Paulus oor die roeping van die vrou in die gemeente. [Vergelyk die kommentaar van die Bybel in Praktyk op 1 Tim 2:11-12 en 1 Kor 11:3-15.] Bybelse uitsprake oor homoseksualisme en talle ander sake word op dieselfde wyse verwring.

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

baar het. Dit is Hy wat so in en deur die apostels en profete gewerk het dat hulle die Woord van God korrek en betroubaar op skrif gestel het. Die betroubaarheid van die Skrif word dus deur God self gewaarborg.

'n Keuse vir die gereformeerde hermeneutiek

'n Keuse vir die gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing is ook 'n keuse vir die gereformeerde hermeneutiek. Daar is diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle die gesag van die Bybel aanvaar, maar dat hulle dit net anders verstaan as wat gereformeerdes dit tradisioneel verstaan het. Wanneer hul metodiek van Skrifverklaring egter onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat dit nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie. *Die Skrif is immers sy eie verklaarder*. Die onfeilbare reël vir die verklaring van 'n Skrifgedeelte is die verklaring wat die res van die Skrif daaraan gee. Wanneer daar onsekerheid bestaan oor die ware of volle betekenis van 'n Skrifgedeelte, moet dit in die lig van ander Skrifgedeeltes – wat duideliker oor dieselfde saak spreek – uitgelê word.[9]

Een van die duidelikste tekens dat teïstiese evolusioniste nie erns met die gesag van die Bybel maak nie, is die feit dat hulle nie met *die voor-die-handliggende betekenis* van die skrifgedeeltes wat ter sprake is erns maak nie. Hulle maak ook nie met die feit dat elke skrifgedeelte in die lig van die res van die Skrif uitgelê moet word, erns nie. Hul verstaan van die Skrif word nie net deur hul wetenskaplike kennis, voorveronderstellings en teorieë beïnvloed nie – dit word daardeur bepaal.

Ons mag nie ons uitleg van 'n Skrifgedeelte aanpas om ruimte vir ons wetenskaplike standpunte of teorieë te maak nie. Om 'n voorbeeld te noem: 'n leraar binne die NG Kerkverband het in 'n bespreking verduidelik dat die liefdesgebod waarmee Christus die wet saamgevat het, drie elemente bevat - liefde vir God, liefde vir jou medemens en liefde vir jouself. Sy sielkunde het sy verstaan van Matteus 22 so beïnvloed dat hy van die twee gebooie van Christus, drie gemaak het. Dit is geheel en al onaanvaarbaar!

Die voorstanders van teïstiese evolusie trap in dieselfde slaggat! Hul natuurwetenskaplike teorieë is deurslaggewend vir hul verstaan van die Skrif. So byvoorbeeld, is dit vir hulle van kardinale belang dat die "skeppingsdae" waarna Genesis 1 verwys, uit miljoene jare moes bestaan het. Dit is die enigste manier waarop hulle hul teorie met die Bybel kan versoen. Hulle is gou om daarop te wys dat die Hebreeuse woord "jom", wat in Genesis 1 met "dag" vertaal word, ook na tydperke kan verwys.

Die Skrif gee ons egter nie 'n enkele aanduiding dat die skeppingsdae as tydperke verstaan moet word nie. In die eerste plek moet die nouere verband – Genesis 1 en 2 – die deurslag gee. 'n Noukeurige lees van hierdie hoofstukke en in besonder die instelling van die Sabbat, dwing ons om te aanvaar dat die skrywer 'n gewone dag – soos ons dit vandag ken – in gedagte gehad het. Dit word bevestig deur die gebruik van die woord "dag" in die vierde gebod. "Dag" in Eksodus 20:8-11 kan tog nie anders as 'n gewone dag verstaan word nie.

Dit is daarom nie vreemd dat die *Westminster Confession* bely dat die Here alles wat bestaan in 'n tydperk van ses dae geskape het nie.

Ons haal aan:

"Dit het God die Vader, die Seun en die Heilige Gees behaag om:

- In die begin
- in ('n tydperk van) ses dae
- die wêreld met alles wat daarin is, hetsy sigbaar of onsigbaar
- uit niks, en
- baie goed te skape.

Dit het Hy gedoen om die heerlikheid van Sy ewige krag, wysheid en goedertierenheid te openbaar."[10]

Die ander verklarings wat vir die "skeppingsdae" in Genesis 1 voorgestel word, kan nie die toets van gesonde hermeneutiese beginsels deurstaan nie.

'n Keuse vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is

Ons maak ook **'n keuse vir die geloof**, wat in die woorde van Judas, **eenmaal aan die heiliges oorgelewer is**.[11] Ons glo nie net dit wat die Skrif ons oor die skepping leer nie. Ons glo alles wat God in Sy Woord aan ons bekend gemaak het. Die kortste samevatting van die Christelike geloof vind ons in die Apostoliese Geloofsbelydenis. In hulle belydenisskrifte het die kerke van die Reformasie uitgespel wat hulle onder elke artikel verstaan. Die reformatoriese belydenisskrifte verwoord dus wat op grond van die Heilige Skrif geglo word.

Dit is van die allergrootste belang dat ons besef dat teïstiese evolusionisme nie net die Bybelse skeppingsleer in gedrang bring nie. Die hele openbaring wat God in Sy Woord aan ons gegee het – die hele Christelike geloof - word bevraagteken, verdraai of verwerp. Teïstiese evolusioniste verwerp die Bybelse:

- *mensbeskouing* – onder andere dat die mens volmaak en na die beeld van God geskape is.[12] Hulle ondermyn ook die heiligheid van die huwelik (en huisgesin) as skeppingsordening.[13]
- *leer aangaande die sondeval* – hul het geen ruimte vir die oortuiging dat die volmaak geskape mens, onder aanhitsing van die Satan, willens en wetens teen God gerebelleer het en so die ganse mensdom in ellende gedompel het nie.[14]
- *leer aangaande die gevolge van die sondeval* – hulle aanvaar nie dat die dood die loon van die sonde is en dat dit deur een mens, Adam, die wêreld ingekom het nie. Hulle aanvaar ook nie dat die mens se sonde die oorsaak is dat die hele skepping aan die verganklikheid onderwerp is nie.[15]

9 "The infallible rule of interpretation of Scripture, is the Scripture itself; and therefore, when there is a question about the true and full sense of any scripture (which is not manifold, but one), it may be searched and known by other places that speak more clearly." [*The Westminster Confession of Faith*, 1:9]

10 Die *Westminster Confession*, 4:1 *[Eie vertaling]*

11 Judas vers 3
12 Gen. 1:26-31
13 Gen. 1:27-28; 2:20-25; Matt. 19:1-12
14 Gen. 3:1-24
15 Gen. 2:15-17; 3:16-20; Rom. 5:12 - 21; 6:23; 8:18-23; 1 Kor. 15:20-26.

Vervolg op bl. 6

Sterrebeelde van die Noordelike halfrond

Hoewel die aanskoue van die sterrehemel vir gelowiges deur die eeue heen die teken van God-Drieënig se verbondstrou is, is die wetenskap van die sterrekunde nie genoeg om tot ware kennis van Hom te kom nie. Daarvoor het mense die besondere openbaring nodig, naamlik die Woord van God. Paulus leer nogtans in Romeine 1:19-23 dat 'n mens duidelik uit die werke van God kan aflei dat Hy waarlik God is, wat die aanskouer daarvan enige verontskuldiging oor die Waarheid ontneem. Die mens se betrokkenheid by God se skepping deur middel van die wetenskap moet hom egter daartoe bring om aan Hom die eer te gee, deur die besondere wetenskapsbeskouing wat daarop nagehou word. Daardeur sal die wetenskap bevestigend antwoord op die geloof.

Sterrebeelde van die Suidelike halfrond

Bron: Encyclopedia Britannica 2005

Vervolg van bl. 4

Die Bybelse leer aangaande die skepping en sondeval vorm die fondament van die verlossingsleer. Die feit dat hulle dit verwerp, lei onvermydelik daartoe dat hulle nie die Bybelse Christologie (leer aangaande Christus), Soteriologie (verlossingsleer), Pneumatologie (leer aangaande die Heilige Gees) of Eskatologie (leer aangaande die Einde) kan verstaan of aanvaar nie.

'n Geloofskeuse

'n Keuse vir die reformatoriese lewens en wêreldbeskouing is **'n geloofskeuse!** Daar staan geskrywe: "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag!"[16] Sonder geloof kan ons nie Sy wil ken, Sy wil doen, Sy Naam verheerlik nie. En wat is die wese van die geloof wat noodsaaklik is om God te verheerlik? 'n Geloof wat Hom behaag is 'n geloof wat Hom op Sy Woord neem. Daarom bely gereformeerdes dat geloof beteken om alles wat Hy in Sy Woord openbaar het, vir waar te aanvaar.[17]

'n Godverheerlikende geloof beteken om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.[18] Anders gestel, ons glo alles wat die Heilige Gees in die Bybel laat opteken het – ook dit wat ons nie met ons sintuie kan waarneem, wetenskaplik kan bewys, of met ons verstand kan deurgrond nie! Buitendien is die waarheid van 'n groot deel van die evangelie onbewysbaar. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om te bewys dat:

- God alles wat bestaan *"uit niks"* en *"in ses dae"* geskape het;
- die mens volmaak en sonder sonde geskape is en dat hy homself en die hele skepping deur sy rebellie in ellende gedompel het;
- Christus uit 'n maagd ontvang en gebore is, dat Hy terselfdertyd waarlik God en mens was (en is!), dat Hy 'n lewe van volmaakte gehoorsaamheid aan die Vader gelei het, dat Hy plaasvervangend in ons plek gesterf het, dat Hy liggaamlik uit die dood opgewek is en liggaamlik in die hemel opgeneem is en dat Hy op die tyd wat deur die Vader bestem is, weer liggaamlik sigbaar na die aarde sal kom om as Regter die oordeel te voltrek.

Deur die geloof wéét ons egter dat dit alles waar is al kan ons dit nie met ons verstand deurvors of wetenskaplik bewys nie. Ja, deur die geloof weet ons dat God alles uit niks deur Sy Woord geskape het.[19] Ons weet dat dit wat Hy in Genesis 1-3 oor die oorsprong van die skepping, die aarde, die mens en die sonde geopenbaar het, die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie.

'n Keuse wat verantwoordelikheid meebring

Die keuse vir die gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing bring **'n geweldige verantwoordelikheid** mee. Geloof mag nie net lippetaal wees nie – geloof sonder werke is dood – ons moet die vrugte dra wat by die bekering pas.[20] Ons lewe moet ons belydenis bevestig. Wanneer ons dus bely dat ons die gesag van die Woord van God aanvaar, moet ons onsself onvoorwaardelik aan daardie gesag onderwerp. Ons moet ons geloofsoortuiging deur die Skrif laat vorm, suiwer en versterk. Ons moet ons lewe deur die Woord laat vorm.Ons denke, woorde en dade moet elke dag al hoe meer deur die Bybel geheilig word. Dit moet duidelik wees dat dit ons erns is om in stiptelike gehoorsaamheid aan God en Sy Woord te glo en te lewe.

Ons het verder die verantwoordelikheid om die Skriftuurlike lewens- en wêreldbeskouing tydig en ontydig te verkondig en te verdedig. Dit moet vir ons 'n saak van erns wees om ons te beywer vir die erkenning van die gesag van die Woord op elke terrein van die samelewing – ook in ons wetenskapsbeoefening. Ons moet ook, ter wille van die eer van God, bereid wees om dit wat in stryd met die Heilige Skrif is, te ontmasker en af te wys.

Toegepas op die tema van die kongres: Indien ons in die lig van die Skrif oortuig is dat teïstiese evolusionisme nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie, moet ons dit onomwonde en duidelik stel dat ons dit verwerp. Ons moet dit met al die middele tot ons beskikking bestry – ook in die onderwys en die teologie. Ons moet alles in ons vermoë doen om ons kinders so te onderrig dat hulle die aanslae van die leuen kan weerstaan en aan die Here en Sy Woord getrou kan bly.

'n Keuse vir die eer van God

Die keuse vir die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing is ten diepste **'n keuse vir die eer van God**. Elke gelowige wat die reformatoriese belydenis onderskryf, leef immers met die begeerte om God te verheerlik. In die taal van die apostel Paulus wil ons graag "of ons eet of drink, of wat ons ook al doen"[21] ons Vader in die hemel verheerlik.

Wanneer ons dié keuse maak stel ons menslike geleerdheid – ook menslike wetenskap - ondergeskik aan God se geopenbaarde Woord. Ons bely dat die Alwetende en Alwyse God se woorde volkome volmaak en betroubaar is. Ons erken dat menslike geleerdheid – ook menslike wetenskap – gebrekkig en onvolmaak is. En ons verklaar dat dit 'n belediging vir die Almagtige is wanneer nietige mense aan hulle eie geleerdheid dieselfde – of groter – gesag as aan Sy Woord toeken. God sal immers die wysheid van die wyses vernietig en die geleerdheid van die geleerdes tot niet maak.[22]

Ja, wanneer ons die Skrifte lees, wanneer ons Hom leer ken as die Almagtige, Vrymagtige, Alwetende, Alwyse Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan, wanneer ons Hom leer ken as die Heilige, die Regverdige Regter aan wie ons rekenskap verskuldig is, wanneer ons Hom leer ken as ons genadige en liefdevolle Vader en iets begin verstaan van Sy heilsplan vir hierdie wêreld – dan buig ons in aanbidding en weerklink die woorde van die apostel Paulus in ons harte en op ons lippe

"*O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want*

16 Heb. 11:6
17 Die *Heidelbergse Kategismus*, vraag en antwoord 21
18 Heb. 11:1
19 Heb. 11:3
20 Gal. 5:6; Jak. 2:14-26; Matt. 3:8; Hand. 26:19-20
21 1 Kor. 10:31
22 Jes. 29:13-14; 1 Kor. 1:18-25

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."[23]

23 *Die Bybel, Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) (Rom 11:33-36). Cape Town, South Africa: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Slot: het ons werklik 'n 'keuse'?

Ten slotte die vraag: Het ons – met ander woorde ons as gelowiges wat die Gereformeerde Belydenis onderskryf – werklik 'n keuse tussen die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing aan die eenkant en die evolusionistiese aan die anderkant? Dit is voor-die-handliggend dat die antwoord "nee" is. 'n Keuse vir die Evolusionistiese is immers 'n keuse teen God, teen Sy Waarheid en teen Sy Woord!

Ons het geen keuse nie, want as gelowiges het ons reeds in Christus gekies vir God, vir Sy Woord en vir Sy eer. Deur hierdie geloofskeuse het ons die verantwoordelikheid aanvaar om in hierdie wêreld – ook die wêreld van wetenskapsbeoefening – 'n lig te wees. 'n Lig te wees deur te leef en te werk in gehoorsaamheid aan die Woord van God. 'n Lig te wees deur die Evangelie te verkondig en te verdedig. Mag die Here ons genadig wees, sodat ons ons roeping tot Sy eer kan vervul!

Geloftedag by die inwyding van die Nasionale Vrouemonument in 1913

Op 16 Desember 2013 sal dit een honderd jaar gelede wees dat die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein ingewy en die vroue-beeldegroep aan die voet daarvan onthul is. Die inwyding van die Nasionale Vrouemonument was 'n gebeurtenis van besondere nasionale betekenis. Dit was die grootste saamtrek van Afrikaners sedert die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog. Van oor die hele Suid-Afrika het Afrikaners saamgekom om die inwyding by te woon. Die fokus was deurentyd op die heroïese offers van die Boerevroue en -kinders in die konsentrasiekampe en elders tydens die oorlog. Die inslag van die gebeurtenis was deurentyd 'n gewyde atmosfeer en in menige opsig 'n bedevaart na die geestelike wortels van ons volksbestaan. Dit is opmerklik dat die sprekers by dié geleentheid telkens na die geestelike wortels van ons volkslewe teruggekeer het.

Die toesprake (of gedeeltes daarvan) van president M.T. Steyn en die Britse weldoenster, Emily Hobhouse, verskyn in talle publikasies. Die toespraak van genl. C.R. de Wet by hierdie geleentheid is egter grootliks onbekend. Gedagtig aan die die sentrale rol wat Geloftedag in die Afrikaner se geestelike bestaan speel, tesame met De Wet se opmerkings oor die geestelike welsyn van die Afrikaner, spreek dit wat op Geloftedag 1913 gedoen is, steeds tot ons. Die gerapporteerde weergawe van genl. De Wet se toespraak verskyn hierna.

A.W.G. Raath

Generaal C.R. de Wet se toespraak by die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913

Dit is voorwaar 'n plegtige oomblik vir die volk van Suid-Afrika. Terwyl die storm gister woed kom die gedagte by my op: Sulke storms het ons dierbares in die kampe ook deurgemaak. Vandag is daar 'n buitengewone stilte en dit bring my by die volgende gedagte: Nou na die storm, verkeer hulle ook in 'n heerlike stilte. Die volk van Suid-Afrika kan trots wees op sulke moeders en kinders. Ek praat hier nie soseer tot die mans nie, maar van die vroue en kinders tot die vroue en kinders, want 'n volk kan alleen opgebou word deur die vroue en kan alleen 'n volk word wanneer die kinders opgebou word volgens die tradisies van die voorgeslagte. Het die Afrikaanse volk nie voortgespruit uit die vrome Hugenote, wat met die Bybel in die hand hul vaderland verlaat het om gewetensvryheid te soek in Suid-Afrika nie. Die grondslag van hul tradisies was die godsdiens en van wat ek gehoor het en weet was dit 'n egte godsdiens, nie 'n gemaakte een nie. Die godsdiens was ook die rigsnoer vir ons vroue en kinders. Dit het geblyk in die kampe, want ek het dikwels gehoor hoe die Psalms van die gelowiges weergalm in die folterende kampe. Al die opofferinge is gemaak om te dien as 'n voorbeeld vir dié wat na hulle kom.

Vandag is 'n plegtige dag om hier te staan soos by die graf van 26 000 vroue en kinders wat in die kampe gesterf het. Wat moet ons hieruit leer? Wat het ons gedurende die laaste tien jaar gesien? Op elke gebied het ons volk baie vooruitgegaan; maar het ons op die regte pad vooruitgegaan? As ek eerlik moet sê, dan moet ek erken, daar ontbreek baie; daar is baie vormgodsdiens, en dit sal ons volk na die graf sleep. Dit is slegs die egte godsdiens wat 'n volk groot maak. Indien mens aan die godsdiens vashou, dan hoef mens geen vrees vir die toekoms te hê nie. As ons dink aan die verlede, aan die menigte van vroue en kinders wat in die kampe opgesluit was, wat was hulle wagwoord? Wees getrou aan u volk en die godsdiens van u volk. Hier, waar ons as't ware voor 'n geopende graf staan, laat ons gewaarsku wees. Volg u God op die wyse waarop die Hugenote Hom gevolg het. Ons lees God het Abraham geroep uit Ur van die Chaldeërs en 'n verbond met hom gesluit. Hoeveel verbonde het die Hugenote nie met God gesluit nie? In die verbonde is ons ingesluit en kan daarvan nie loskom nie, want ons vadere het die belofte gemaak. Ek ag dit my plig om hierop klem te lê. Ek moet herhaal die beloftes van ons Hugenote voorvaders. 'n Volk kan groot word in weelde en afdwaling, maar weet dit, as ons dit doen, een dag word ons volk tot verantwoording geroep. God het ons beproef, maar, kan ons ontken dat ons die beproewing verdien het? Wat gebeur het was deur ons toedoen. Ons volk het afgedwaal, vandaar ook dat ons nie gekry het waarvoor ons geveg het nie. Ons moet God dank dat hy ons betyds by die hand gevat het om ons terug te bring.

In *De Zuid-Afrikaan* van 14 Junie 1839 is oor die aanloop tot, asook die Slag van Bloedrivier verslag gedoen. Hierdie uittreksel daaruit word geplaas om die aandag op veral die Trekkers se sterk godsdienssin te vestig:

Des anderen daags zynde 5 December, was alles nog in goede order. Een ieder was begeerig om de uitgezondene spionnen te zien opdagen; – terwylen moesten wy verblyven tot hun rapport of aankomst. Ondertusschen begon de Hoofd-Kommandant dien ochtend, al zyne officieren en hunne manschappen by makander geroepen hebbende, vooreerst tot hunne aanmoediging en vermaning voor te lezen, eenen brief van eenen broeder en vriend, den Heer *Christiaan Hatting*, welke gerigt was aan alle zyne Uitgewekene Mede-Broederen – en dezelve was de attentie der toehoorders wel waardig. De Hoofd-Kommandant maakte hierop een aanspraak tot zyne onderhoorigen, dewelke velen wakker opwekte, terwyl hy zelf, met groote deelneming sprekende, in het gemoed bewogen werd. Vervolgens las hy eenen anderen brief, door den Wel-Eerwaarden Heer *Van der Lingen*, aan zyn Ed. gerigt; deze was even duur waardig om aan te hooren, en een ieder gevoelde dankbaarheid tot God, van in zulk eene barre wildernis, zoodanige vertroosting te mogen hooren. De Hoofd-Kommandant betoonde ook zynen uitersten pligt, om zulks op het gemoed zyner onderhoorigen te drukken. Hy deelde ook mede een antwoord deur zyn Ed. daarop gerigt, hetwelk een ieder prysde. Hy vermaande voorts een ieder, om deze onze voorgenomene overgewigtige groote taak, (welke van den hoogeren hand gezegend moet worden, willen wy gelukkig slagen) te beginnen met smekingen en gebeden, tot den troon van God, om volstandig te blywen tot den einde, en om gehoorzaamheid aan de oversten te bewyzen, daar anders alles ongezegend zyn zal, en ons verderf dan eindelyk tot triumph onzer benyders, door ons zelven zal ontstaan.

Hy ging verder voort, om de instructien voor hem geformeerd door den Raad des Volks, voortelezen, en hen bekend te maken, met de groote verantwoordelykheid, voor hem daarin opgesloten. Hy las vervolgens de stipte order voor de Kommandanten door hem geformeerd, benevens de laast gemelde Ordonnantie. Hy riep toen naby hem, alle de onder hoorige officieren, naar rang; de assistent kommandanten, de veldkornets, tot korporaals toe; vermaande hen desnoodig tot manmoedigheid en voorzigtigheid; herinnerde hen, hoe eene zaak, zonder God begonnen, verydeld wordt; hoe een ieder zich behoorde te gedragen, in het slaan tegen den vyand; dat wy, als redelyke schepsels, onder het licht van het Evangelie geboren, hen niet gelyk moeten zyn, in het vernielen van onnoozele vrouwen en zuigelingen; en dat wy van God begeren mogen, hetgeen met zyne gestrenge regtvaardigheid niet strydig is. Hy vermaande hen verder, hunne onderhooriges optewekken, om 's avonds en 's morgens hunne diensten en verrigtingen aan God optedragen in gebeden; dat zy den H. Sabbath, ter eere van God zouden besteden, en nalaten dien grooten naam ydelyk te gebruiken, en den Allerhoogsten te lasteren. Hy zeide verder, hoe verblyd hy was te mogen ondervinden, dat de rust en de redelykheid in broederliefde nog heerschte, onder zoo vele duizende zielen als in een huis tezamen wonende, en dit boven zyne verwachting; dat hy nogtans een ieder vermanen moest, om nu de handen in een te slaan, om alles uit den weg te ruimen, dat oneenigheid werkt, op dat wy, als een ligchaam, met Gods hulp, ons voorgenomen werk mogten uitvoeren, – en herinnerde hen eindelyk herhaaldelyk, "*Eendragt maakt magt.*" *Onder al verbood hy scherpelyk, dat niemand zich zal mogen bemoeijen met het gevangennemen van K... kinderen of Vrouwen, gedurende het gevecht.*

De opvolger van den Hoofd-Kommandant, beklom ook den stel van het kanon, en sprak: – Dat een ieder behoorde acht te geven, op hetgeen de Hoofd-Kommandant ons medegedeeld had; – dat wy allen dank aan God behooren te geven voor zulke duure vermaningen; dat wy in alle onze verrigtingen God de eere moeten geven; hoed dat het nu tyd is voor ons, dat wy allen voor God nedervallen, daar onze vyanden, als wolven op ons verderf loeren; dat wy vooral God danken moeten, dat hy ons zulk een Opperhoofd beschikt had, die verstandig in alzyn doen is, en zelf zich bezorgd toonde, zoowel voor der zielen welvaart, als der ligchamelyke. De Hoofd-Kommandant vervolgde weder, en stelde ons alles voor, dat hy meende tot ons verderf te ontwaren, en dat wy wel behooren te erkennen, de waarheid van het voorgebragte door zyn opvolger, enz. Hy verzocht voorts allen, zich tezamen in het gebed te vereenigen, verzoekende den Heer S Cilliers, om dezen doorgebragten stond, met een openbaar gebed te sluiten; – die, vooraf den Hoofd-Kommandant aansprak, met gepaste redenen hem vermanende tot zyn pligt, vervolgens de andere kommandanten, en alle de officieren naar rang tot den gemeenen man toe, en besloot zulks toen met een openbaar gebed. Aldus werd deze stond gepastelyk doorgebragt; een ieder was getroffen, en alles was stil en bedaard.

Des anderen daags, zynde den 9, was alles nog rustig, en wy bleven hierover, om den Sabbath te vieren; terwyl ook de vorige Zaturdag avond in de tent van den Hoofd-Kommandant, werd doorgebragt, met het zingen van eenige gepaste Liederen, en een krachtig gebed, door den Heer Cilliers gedaan.

Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid

Vervolg op bl. 15

Die Evolusieleer in skole: Die erns van die probleem en moontlike oplossings

(Gelewer tydens die Konferensie oor teïstiese evolusie te Potchefstroom)

Morné Diedericks 17 September 2011

Inleiding

Ek is nie 'n bioloog of filosoof nie, maar staan as onderwyser wel in die praktyk. Ek is as spreker na hierdie kongres genooi, om te sê wat prakties in die klaskamer aangaan, asook praktiese riglyne aan te bied van hoe ek dink daar teen evolusie opgetree kan word. My verstaan van evolusie is ook baie beperk en u sal dit in ag moet neem in hierdie lesing. Ek is bewus van die verskillende wyses van verstaan van evolusie soos, byvoorbeeld, mikro- en makro-evolusie, intelligente ontwerp en veral teïstiese evolusie, maar gaan evolusie in hierdie lesing (t.w.v. tyd) tot die volgende definisies beperk:

Graad 12 X-Kit (2008:121) vir Lewenswetenskappe: "Die ruimste definisie van evolusie lui dat dit die proses is waardeur nuwe soorte organismes uit (vroeëres) ontwikkel. Amfibieë het byvoorbeeld uit visse ontwikkel; reptiele het uit amfibieë ontwikkel; en voëls en soogdiere het afsonderlik uit reptiele ontwikkel. As gevolg van evolusie is daar vandag baie organismes rondom ons wat baie verskil van die wat in die verlede bestaan het."

Prof. H.G. Stoker (1935:353), bekende Suid-Afrikaanse Christenfilosoof: "Die teorie wat handhaaf dat die lewende wesens (plante, visse, voëls, insekte, diere en die mens) deur afstamming verwant is – en dat die afstammingslyn in hoofsaak loop van die eenvoudigste en laagste soorte van lewende wesens, die eenselliges, na die mees ingewikkelde en hoogste soort, die mens toe."

18 September 1961, dus môre presies vyftig jaar gelede, was Prof. H.G Stoker en Prof. J. Lever in 'n diskussie oor die vraagstuk skepping en evolusie. Stoker was 'n professor in Wysbegeerte aan die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en Lever 'n professor in Biologie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Stoker het teen die evolusieleer geskryf en Lever daarvóór. Vir die diskussievergadering skryf Stoker aan Lever 'n brief waarin Stoker (1961:1) sê: "Op biologiese gebied is ek leek. Tog besef ek terdeë die besonder moeilike en ingrypende vraagstukke wat biologiese feite aan die Bybelgelowige denke stel. … Die doel van hierdie brief is nie om te twis nie, maar om terwille van ons wetenskaplike gewete vir die waarheid te worstel. Waar ek, hetsy in my weergawe of kritiek, u beskouings nie reg laat wedervaar nie, moet u my goed op die vingers tik. … Dit is my oortuiging dat geen Christen-wetenskaplike dit mag en kan bekostig om u beskouings te verontagsaam nie."

Hierdie lesing gaan vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing aangebied word, wat bely dat God die Skepper van hemel en aarde is en daar geen versoening tussen evolusie, soos dit hierbo gedefinieer word, en die Bybel moontlik is nie.

Vir die doeleindes van hierdie lesing word die invloed van die evolusieleer slegs verskraal tot die vakgebied Biologie, hoewel ek van mening is dat evolusie ook in talle ander vakgebiede geleer word. Daar gaan na die volgende vier aspekte gekyk word: Die evolusieleer in skole en die redes daarvoor; die gevolge van die evolusieleer in skole, en die gevolgtrekking.

1. Evolusieleer in skole

Debatte in koerante

Wanneer die openbare debatte aangaande die evolusieleer in skole nagegaan word, kan gesien word wat die knelpunte aangaande die evolusieleer is, asook die verduidelikings verneem word waarom evolusie in die skole geleer moet

word. Wat volg is 'n paar uittreksels uit koerantartikels om aan te toon wat die debatte aangaande die evolusieleer in skole behels, asook wat die vordering van die evolusieleer in skole is (kyk bl. 12).

Die skoolkurrikulum

Uit die snitte van koerantberigte word dit duidelik dat daar 'n stygende openbare aandrang vir die onderrig van die evolusieleer in skole is. Hierdie invloed is ook duidelik sigbaar in skoolhandboeke. Mev. R. Botha, 'n dosent by die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros, Pretoria), het 'n uiteensetting van die Biologie-kurrikulum vir openbare skole vir graad 10-12 leerlinge opgestel. Hierdie kurrikulum word kortliks op bl. 13 uiteengesit.

Problematiek betreffende evolusieleer

2 Die rede vir die evolusieleer in skole

2.1 Inhoud van onderwysstudente se leermateriaal

Die kragtigste metode om 'n samelewing te beïnvloed is deur die skole en universiteite se leerinhoud te bepaal. Deur iemand se hart of denke te beïnvloed, beïnvloed jy ook sy/haar optrede. Daar-

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

om was dit vir Stoker absurd as iemand, of 'n instansie sê dat onderrig neutraal moet wees en dat geloof nie 'n invloed op die wetenskap het of moet hê nie. Stoker en talle ander filosowe wys die leuen van neutrale onderrig af, omdat elke mens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing het wat 'n invloed op so 'n persoon se optrede het. Dit wat die onderwysstudente geleer word, is dit wat hulle aan die leerlinge in hul klas gaan oordra. Daarom is dit belangrik om eers te kyk wat die studente leer, voordat daar gekyk word na wat die onderwyser vir sy leerlinge leer. As voorbeeld gaan daar nou kortliks gekyk word na wat 'n onderwysstudent, met Biologie as hoofvak, van evolusie moet weet wanneer hy of sy by die Noord-Wes Universiteit afgestudeer het (kyk bl. 15).

2.2 Te min blootstelling aan Christelike wetenskapsleer

'n Gebrek aan behoorlike opleiding in Christelike wetenskapsleer vir skoolkinders, sowel as studente, lei in die eerste plek tot 'n roepinglose samelewing. Dit is omdat skoolkinders beroepskeuses maak en nie roepingskeuses nie. In die onderwys word dit duidelik as daar net na die inskrywings van die onderwysstudente by die verskillende universiteite gekyk word. Onderwysstudente staan in die heersende bedeling oor die algemeen nie as akademiese toppresteerders bekend nie, met die gevolg dat ons kinders se onderrig daaronder lei.

Tweedens leer skoolkinders en studente ook nie vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die verband tussen geloof en wetenskap nie en aanvaar makliker stellings. Soos dié van mnr. Derek Hanekom wat sê dat evolusie 'n feit is, hoewel dit téén die Christen se geloofsoortuigings indruis. In Stoker se diskussiebrief met Lever, waarna vroeër verwys is, spreek hy juis hierdie aspek aan. Daarin bespreek hy in hoofsaak die wetenskapsidee van Lever en daarna Lever se evolusieteorie.[1] Stoker (1961:16) sluit sy brief af deur te sê: "Dit mag duidelik genoeg blyk dat die moeilikhede wat u beskouing my stel in fundamentele sin saamhang met die verskil van wetenskapsidee onder ons." Die evolusieleer in skole tans is 'n geloof en nie 'n wetenskaplike feit nie. Vir mense wat die gesag van Gods Woord betwyfel, is dit (evolusie) die enigste verklaring van hoe die skepping ontstaan het.

3 Die gevolge van die manier wat evolusie vandag in skole aangebied word

> Dr. Dirk Herman, adjunkhoof van Solidariteit, sê dat ons op skool meer die oefening moes doen van kolletjies verbind, sodat ons die geheelbeeld van die prentjie beter kan sien, want dan sou ons dit vandag beter kan regkry. As ons nou die kolletjies verbind van Universiteite en Skole vir die volgende tien tot vyftien jaar, wat sal ons geheelbeeld wees? Smith (2010:5-6) het die kolletjies van die laaste paar jaar verbind en die statistiek lyk skokkend! Smith het bevind dat die aantal kandidate wat geslaag het van 2007 tot 2009 met 33 279 (9,0%) gedaal het, maar dié wat vrystelling vir universiteit verwerf het met 24 243 (28%) toegeneem het. Dit sê veel van die standaard om universiteitsvrystelling te verwerf. Soos wat ons die kolletjies kan verbind oor die kwaliteit van onderrig in Suid-Afrika vir die volgende paar jaar so kan ons ook die kolletjies verbind oor die effek wat evolusie in ons skole het en gaan hê.

3.1 Die inhoud van skoolhandboeke saai twyfel en lei tot afvalligheid

Evolusie word as 'n wetenskaplike feit voorgehou en dit staan in teenstelling met die Woord van God. Kinders wat nog jonk is in hulle geloof en maklik deur die branders van die dwaalleer van die evolusieleer rondgeslinger word, begin twyfel aan die gesag van die Woord van God. Is dit dan 'n wonder dat die evolusieleer talle Christene in hul Bybelgeloof aantas, aan die Bybel laat twyfel en uiteindelik laat prysgee? Is dit 'n wonder dat die evolusieleer die Christendom ondermyn en die heidendom bevorder? – die evolusieleer, wat kom in die naam van die eksperimentele wetenskap (Stoker, 1935: 3).

'n Kollega van my vertel grappenderwys hoe hy op die kinders in sy klas skree, toe hulle hul sleg gedra het. "Julle gedra julle soos ape!" sê hy. Een van die seuns in sy klas antwoord hom, "Mnr. dit is goed; ons word dan al hoe meer soos ons voorouers." Die twyfel wat onder die kinders gesaai word veroorsaak 'n minagting vir die Woord van God en so ook afvalligheid onder die jeug. 'n Voorbeeld hiervan is die onlangse jeug-opstande in Engeland. Engeland se eersteminister, David Cameron, het gesê die rede vir die jeug se opstande is as gevolg van "morele verval" ("moral collapse"). Evolusie saai twyfel en veroorsaak dat die jeug los van God begin lewe, en later goddeloos optree.

3.2 Die manier waarop Biologie vandag in skole aangebied word lei tot 'n verskraling in die wetenskap en dus tot visielose kinders

Volgens Polanyi (1994:A21) dink wetenskaplikes vandag dat as hulle hul veld van ondersoek verskraal tot die bestudering van een molekule, hulle dán eers met wetenskap besig is. Polanyi sê dié soort wetenskaplikes is soos mense wat duik en een deeltjie op die bodem van die oseaan bestudeer, sonder dat hulle ooit opkom vir lug. *"The scientist must resurface in order to integrate his experience with all that he knows in the world, including his experience of life, literature, religion and art."* Benson (2007:27) toon aan dat ons nie net die rol van wetenskap kan beantwoord vanuit 'n wetenskaplike oogpunt nie. Om wetenskap te beoefen en die band van eenheid met ander vakwetenskappe te verloor, lei tot 'n verskraling in die wetenskap. Christelike wysbegeerte het juis die doel om hierdie band tussen verskillende vakwetenskappe te handhaaf.

Volgens Botha (2010:2) verlaat leerlinge die skool en dink dikwels hulle weet baie, maar eintlik weet hulle baie min. Leerlinge matrikuleer en behaal selfs 'n onderskeiding in Lewenswetenskappe,

Vervolg op bl. 11

1 Vir 'n opsommende bespreking van Lever se evolusieleer lees Van Genderen & Velema (1992:270).

Vervolg van bl. 10

maar weet in effek nie veel van die Biologie af nie. Die studente wat by haar begin studeer op eerstejaarsvlak het 'n ontoereikende kennis van die vak. Baie van die leermateriaal wat op skool aangebied word om evolusie te verduidelik hoort volgens Botha eintlik nie tuis in die vak Biologie nie. Leerlinge het dan ook nie die nodige voorkennis of onderbou, soos Christelike wetenskapsleer nie, om sodanige leermateriaal te verstaan of te beredeneer. Botha sê verder evolusie word op skool eintlik as 'n alternatiewe geloof aangebied, en nie as 'n wetenskaplike deel van die vak Biologie nie. In die aanbieding van hierdie geloof (Botha noem dit "evolusieleer") is dit dus slegs nodig om die leerlinge te oortuig dat evolusie waar is, sonder om enige "bewyse" of verklarings te gee.

4 Gevolgtrekking

Indien ons nie optree nie, sal ons die stryd teen die evolusieleer verloor. Dit word duidelik uit die feit dat Nederland R16-miljoen geskenk het om evolusie in Suid-Afrikaanse skole te bevorder. Ons moet evolusionisme radikaal verwerp. "Evolusionisme gebou op die teorie van evolusie, is nie 'n wetenskap nie, maar 'n geloof direk in stryd met die Christelike geloof." (Van Genderen & Velema, 1992:274). Ons verwerping van evolusie moet lei tot aktiewe optrede, voordat dit te laat is.

5 Oplossings voorgestel

Om oplossings op probleme te bied is moeilik en dit kan ook oorkom asof die oplossings te simplisties gestel is. My doel met die volgende praktiese riglyne vir optrede teen die evolusieleer is egter 'n oproep tot Christene om hul denke en hart te verander oor hul gewone verstaan van skole en onderrig, sodat dit in lyn kom met die Woord van God. Hierdie denke- en hartverandering, of in Bybelse taal 'bekering', geld natuurlik ook vir my en alle ander Christene. Ons moet saam die volgende sake vanuit die Woord van God biddend oordink: onderwysopleiding, die skoolkurrikulum en die skool.

5.1 Onderwysopleiding

Die onderwyser leer die kind en dit wat die onderwysstudent op universiteit leer, leer hy/sy weer vir die skolier. Daar sal dringend aandag gegee moet word aan die inhoude van dit wat die onderwysstudent leer, en aan die soort onderwysers wat die kinders leer. Praktiese metodes wat aangewend kan word om onderwys opleiding te verbeter:

- Identifiseer en moedig topstudente aan om onderwys te studeer.
- Moedig onderwysstudente aan om Christelike wysbegeerte of Bybelkunde te neem op universiteit.
- Ondersteun privaat instansies wat hul beywer vir Christelike onderwys.

5.2 Die skoolkurrikulum

Vanuit die studie is dit duidelik dat die skoolkurrikulum besoedel is met evolusie. Beteken dit dat evolusie uit die skoolkurrikulum verwyder moet word? Nee, glad nie! Dan kan daar net sowel 'n klomp monnikskole oopgemaak word wat kinders weerhou word van enigiets in die wêreld. Inteendeel, Christene moet op die voorpunt van onderrig wees, daarom moet die Christenwetenskaplike ook ingelig wees oor dit wat die evolusionis ontdek het. Aangesien alles op aarde aan God behoort, moet die Christene dit wat aan God behoort ook van die heidene opeis, soos Israel die silwer en goud van Egipte opgeëis het, sodat hulle vir die Here die ark kon bou.[2] Waarvoor ek egter pleit is dat Christene evolusie sal herken as 'n geloof wat in stryd is met die Christelike geloof. Ook dat die onderrig van evolusie in die skool verskraal word tot vakke waarin die kinders vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing ander gelowe bestudeer en leer om evolusie te weerlê. Praktiese metodes wat aangewend kan word om die skoolkurrikulum te verander:

- Moedig Christelike wetenskaplikes aan om goeie skoolhandboeke te skryf.
- Ondersteun Christelike uitgewers, finansieel of met leerstof.

Slotopmerking

Die skool

Mag ons verbondskinders op skool soos soldate weermag toe stuur sonder wapens? Wat ek hiermee bedoel is: ons stuur ons kinders na skole toe waar ander gelowe, soos evolusie, voorgehou word as 'n feit, sonder dat ons kinders self onderrig is in die wapenrusting van die Christelike geloof, soos ons in Efesiërs 6 lees. Moet ons toelaat dat die vyande van die geloof ons kinders leer, of moet ons eerder ons kinders self leer wat die vyand is en hulle toerus met die nodige 'wapens' van gees en verstand om daardie vyand te beveg? Praktiese metodes wat aangewend kan word om die skole te verbeter:

- Verbind die kolletjies van die skole in Suid-Afrika.
- Hou 'n kongres om Christelike onderrig in Suid-Afrika te herbedink.

Geraadpleegde bronne soos in teks

BENSON, I.T. 2007. The Jurisdiction of Science: What the Evolution/Creation Debate is Not About. *Tydskrif* vir *Christelike wetenskap*, 3de en 4de kwartaal: 1-27.

BOTHA, L. 2008. *X-KIT, Lewenswetenskappe*. Kaapstad: Pearson Education South Africa (Edms.) Bpk.

BOTHA, R. 2010. Aanbieding van Biologie (Lewenswetenskappe) op skool met spesifieke verwysing na evolusie. Aros: Klasnota's.

POLANYI, J. 1994. Science and Human Values. *The globe and mail*, 26 September.

SMITH, P. 2010. Demografie en onderwys: 'n Wêreldperspektief met spesiale verwysing na Suid-Afrika. (Voordrag gelees by die vergadering van die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch op 11 November 2010. Stellenbosch. p. 1-15.)

STOKER, H.G. 1935. Die Evolusieleer. *Koers in die Krisis*. Stellenbosch: Pro Ecclesia, 353-364.

STOKER, H.G. 1961. Diskussievergadering (18.9.1961) met Prof. Dr. J. Lever oor die vraagstuk van skepping en evolusie, (Versameldewerke, 2.1.10.14). Potchefstroom, 8 September 1961.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. *Beknopte gereformeerde dogmatiek*. Kampen: J.H. Kok.

2 Ex. 12:35 "En die kinders van Israel het gehandel volgens die woord van Moses: hulle het van die Egiptenaars silwergoed en goue goed en klere geëis;" Vir verdere leesstof kyk Augustinus, *De Genesi ad litteram*, 1841b:I,19

Koerantberigte oor evolusie

23 Januarie 2003 – Die *Burger:* **Evolusie gaan bly in skole**

"…evolusie beklee reeds sy regmatige plek as basis van die biologiese wetenskappe in Suid-Afrika skoolleerplanne. … gereformeerde kerke sal dit nie met behulp van oningeligte teologiese mistastings kan verander nie. … Wetenskap en godsdiens is twee menslike aktiwiteite wat elkeen sy eie invloedsfeer het en nie aan mekaar behoort voor te skryf nie."

12 Junie 2003 – *Weekly Mail and Guardian:* **Biology textbooks woefully inadequate**

"Gevers (president of the Academy of Science of South Africa) criticized current biology text book writers saying, … There is no mention of evolution, the unifying theory of biology."

11 Februarie 2004 – Die *Burger*: **Waarom ook evolusie op skool geleer moet word**

"Een van die topskole van die Wes-Kaap wie se naam liewer nie hier genoem word nie, omdat dit 'n skande is dat opvoedkundiges in leiersposte so 'n besluit kan neem wat teen die grein van die begrip kennis indruis, het aangedui hy is huiwerig om evolusie as deel van die leerplan van biologie met gr. 11-leerlinge te bespreek omdat dit Christene aanstoot kan gee. 'n Mens wonder wat prof. Wieland Gevers, president van die Akademie vir wetenskap van Suid-Afrika en voorsitter van die opvoedkundekomitee van die Visekanseliersvereniging van Suid-Afrikaanse Universiteite, hiervan sal sê. Gevers het verlede jaar op die internasionale konferensie in 'n referaat gesê godsdiens hoort nie in die biologieklaskamer nie."

15 November 2008 - Die *Burger:* **Skole "sal steeds evolusieleer onderrig"**

"Evolusieleer en godsdiens is nie versoenbaar nie, want die een is 'n waarheid van die natuur en die ander is geloof. So het mnr. Derek Hanekom, adjunkminister van wetenskap en tegnologie gesê. Hy het bygevoeg dat evolusieleer in Suid-Afrikaanse skole onderrig word en dat daar aangehou sal word om dit te doen omdat die wetenskap 'n feit is. … En evolusie is as die waarheid bewys."

17 Maart 2009 – Die *Burger:* **Nederlandse hulp, onnies kry R16 m. om evolusie te onderrig.**

"'n Belegging van R16 miljoen deur Nederland om Wes-Kaapse hoërskoolonderwysers op te lei om die evolusieleer korrek aan leerders te leer, is aangekondig. … die projek is een van nege wat Nederland borg om onderwys hier te versterk. Die totale koste is R160 miljoen vir al die projekte."

Die skoolkurrikulum

Uit die snitte van koerantberigte word dit duidelik dat daar 'n stygende aandrang vir die onderrig van die evolusieleer in skole is. Hierdie invloed is ook duidelik sigbaar in skoolhandboeke. Mev. R. Botha, 'n dosent by die Akademiese Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros, Pretoria), het 'n kort uiteensetting van die Biologie-kurrikulum vir graad 10-12 leerlinge opgestel:

Graad 10:

In graad 10 word daar van leerlinge verwag om konsepte (LU 2) baas te raak soos:

- Vorming van fossiele en metodes van datering.
- Interpretasie van verskillende weergawes van die geskiedenis van lewe op aarde.
- Ontploffing van die ontstaan van vroeë vorme van alle diere in die Kambriese era.
- Die vyf massa-uitsterwings op aarde.
- Lewensvorme het gaandeweg al hoe meer soos die huidige lewe op aarde geraak maar selfs in die laaste miljoen jaar het betekenisvolle veranderings plaasgevind in spesies wat in Suid Afrika gevind word (bv. die mens).
- Belangrike gebeure in die geskiedenis van lewe waarvan gefossileerde bewyse vir die volgende in suidelike Afrika gevind word:
  - oorsprong van die vroegste vorms van lewe (gefossileerde bakterieë in die Barberton distrik, Mpumalanga);
  - diere met sagte liggaamsdele (Namibië);
  - vroeë landplante in die Grahamstad-gebied;
  - woude van primitiewe plante soos *Glossopteris* wat die oorsprong is van die meeste steenkoolneerleggings in Suid Afrika (naby Mooirivier en Escort);
  - die selekant as "lewende fossiel", uit die groep wat voorouers van die amfibieë was;
  - soogdieragtige reptiele in die Karoo;
  - dinosourusse (Drakensberge en die Maluti berge) en keëldraende plante;
  - eerste soogdiere (Oos Kaap en Lesotho)
  - mense (Gauteng, Vrystaat, KwaZulu Natal, Wes-Kaap).

Graad 11:

In graad 11 word plant- en diere-taksonomie behandel onder die kennisarea: Diversiteit, verandering en kontinuïteit. Een van die belangrikste oorwegings vir die behandeling van al hierdie taksons, is om evolusionêre ontwikkelingslyne aan te toon. Woordeliks aangehaal uit die Nasionale Kurrikulum Verklaring (NKV): "A brief comparative analysis of the body plans of the different phyla is required. It should be explained in the context of evolution." Verder word modifikasies van die basiese liggaamsplanne van sekere diere of plante behandel (bv. aanpassing van voorste ledemate van soogdiere vir grawe (mol), vlieg (vlermuis), vinnig hardloop (perd), swem (rob) en boomklim (aap) of aanpassings van aanhangsels vir beweging of voeding by verskillende insekte of aanpassings van blomme, soos orgideë, vir spesifieke bestuiwers. Hierdie modifikasies word behandel om natuurlike seleksie te demonstreer. Biogeografie word ook behandel om Darwin se verduideliking van die biogeografiese verspreiding van spesies aan te toon.

Graad 12:

In graad 12 moet die evolusieleer finaal gevestig word deur die volgende konsepte te behandel:

- Die oorsprong van "'n idee rondom oorsprong":
- verskillende lyne van "bewyse" het oorsprong gegee aan die ontwikkeling van die evolusieteorie;
- evolusie is 'n wetenskaplike teorie, en nie slegs 'n hipotese nie;
- die verskil tussen hipotese en teorie.
- Natuurlike seleksie en evolusie:
- die meeste spesies is nie aangepas om by 'n nuwe omgewing aan te pas nie, en massa-uitsterwing kom voor, behalwe vir enkele spesies wat suksesvol by die nuwe omgewing kan aanpas;

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

- natuurlike seleksie funksioneer slegs binne variasie in oorgeërfde kenmerke;
- kunsmatige seleksie boots natuurlike seleksie na – demonstreer deur ten minste een voorbeeld van 'n gedomestiseerde dier en een oesgewas.
- Die vorming van nuwe spesies:
- die biologiese spesiekonsep;
- geografiese spesiasie a.g.v. isolasie – behandel ten minste een voorbeeld bv. Darwin se vinke op die Galapagos eilande;
- Meganismes van reproduktiewe isolasie:
- spesie-spesifieke hofmakery by diere;
- aanpassings van verskillende bestuiwers;
- infertiele nakomelinge (bv. die muil).
- Die evolusie van die mens:
- bewyse van gemeenskaplike voorouers vir lewende primate, o.a. die mens;
- bewyse dat Afrika die oorsprong is van alle mense op aarde;
- alle moderne mense is geneties baie naby verwant.
- Evolusie in hedendaagse tye:
- Voorbeelde dat evolusie steeds voortduur bv. die ontwikkeling van weerstandbiedende bakterieë;
- Alternatiewe sienings oor die ontstaan van lewe (LU 1 en 3):

Die transformasie van die samelewing

Geneem uit:* Alles omtrent die opkomende antichristelike orde*, deur dr Willie McLoud

Dit is een ding om die strukture van wêreldeenheid te skep en omstandighede so te manipuleer dat dit dié eenwording bevorder, maar as die samelewing nie tot so 'n mate getransformeer word dat dié gemeenskaplike waardes 'n wesentlike werklikheid in die wêreldkultuur word nie, dan sal dié globale orde op die lang termyn onstabiel wees. Daarom het die beplanners van die komende globale orde ook al jare gelede met die totale transformasie van die samelewing begin.

Die grootste struikelblok op pad na 'n wêreldkultuur is sekerlik die tradisionele Christelike waardes en norme. Die rede hiervoor is dat die norme direk in stryd is met hierdie okkultiese groepe s'n. Verder lê hierdie waardes en norme 'n sterk klem op God se gesag in die wêreld en die uniekheid van die Christelike geloof waar saligheid net deur die versoeningsdood van Jesus Christus verkry kan word. Dit maak "versoening" met ander gelowe en die koms van 'n globale godsdienstige orde nie net onmoontlik nie, maar dit word ook deur 'n "Christen kultuur" onderlê wat baie moeilik deur dié "vreemde" konsepte gepenetreer kan word.

Die eerste groep wat met hierdie probleem te doen gekry het, was die Marxiste. Hulle het gou uitgevind dat die konsepte van die Marxistiese rewolusie nie maklik in Christelike kulture posvat nie, omdat hierdie mense nie maklik teen "die gesag wat God ingestel het" in opstand wou kom nie. Daar moes dus 'n pad rondom dié probleem gevind word. Met die totstandkoming van die "Frankfurt Skool" in 1923 het verskeie intellektuele figure oor dié probleem besin en gevind dat die Westerse kultuurparameters net op een manier verander sou kon word en dit was deur hul siening van seksuele waardes te verander (15). Soos Wilhelm Reich later in sy boek *The mass psychology of Fascism* geskryf het, het dié ateïste gevind dat dit tydmors is om met mense oor die bestaan van God te redeneer. Wat hulle wel gevind het, is dat sodra mense by alternatiewe seksuele praktyke betrokke geraak het, hulle outomaties die hele gedagte van God en sy bestaan op die agtergrond geskuif het. Seks was die sleutel om die Westerse Christelike kultuur te verander.

Nadat dié groep in 1934 van Frankfurt na die VSA verskuif het en met die sekulêre humaniste begin saamwerk het, het dié rewolusie op 'n breë front begin posvat. Herbert Marcuse, professor aan die Universiteit van California in San Diego, se gesegde "make love, not war", het 'n groot groep jongmense op die universiteitskampusse meegesleur. Die "long march through the institutions" waarvan Marxistiese denker Antonio Gramsci gepraat het, het begin om elke kultuurinstelling waaronder skole, kerke, die vermaaklikheidswêreld en die media te verander. Die vroeëre Christelike waardes het nou plek gemaak vir saamslaap en saamwoon, buite-huwelikse seks, popmusiek, vuiltaal, geweld, vulgêre en "naakte" kuns, ens. 'n Makliker skei- en buite-egtelike kultuur het begin posvat en sou later plek maak vir 'n

Vervolg op bl. 17

Aanbieding van evolusie deur die NWU as deel van die B.Ed-kurrikulum vir voornemende Biologie-onderwysers:

Evolusie word in die derdejaar aangebied as deel van die module LIFE 321 wat handel oor menslike voortplanting, genetika en evolusie. Die raamwerk van die leermateriaal vir evolusie sien in hierdie module soos volg daar uit:

Die oorsprong van lewe:

- eksperiment van Stanley Miller om organiese molekules uit anorganiese molekules te sintetiseer;
- oorsig oor die evolusionêre geskiedkundige denke;
- verskillende teorieë betreffende die oorsprong van lewe.

Die evolusieteorie:

- oorsig oor die werk van Lamarck;
- waarnemings en afleidings van Darwin en Wallace;
- evolusie van Darwin se vinke a.g.v. geografiese isolasie;
- voorveronderstellings vir die aanvaarding van Neo-Darwinisme;
- natuurlike seleksie en melanisme in motte aan die hand van *Biston betularia*;
- bewyse vir natuurlike seleksie.

Bewyse vir die evolusieteorie:

- die vorming van fossiele en gevolgtrekkings uit fossielrekords;
- hoofaanpassings in die evolusie van die perd;
- verduidelik aan die hand van voorbeelde hoe elk van die volgende bewyse vir ’n verdeelde voorouer verskaf:
  - klassifikasie
  - teling van diere en plante;
  - vergelykende anatomie;
  - aanpassings-uitstraling
  - vergelykende embriologie;
  - vergelykende biochemie;

Eie opmerking:

Wat uit hierdie inligting na vore kom is dat die NWU, maar ook natuurlik ander Universiteite hul onderwysstudente wel bemagtig met evolusie, maar dat daar geen verwysing is van of evolusie reg of verkeerd is nie. Evolusie word soos vanuit die studiemateriaal afgelei kan word aangebied as ’n feit van DIE WETENSKAP.

Vervolg van bl. 8

tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden), – “om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenes te stichten, al waar het Hem zal behagen, – en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laaste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden.

De Heeren Cilliers, Landman en Joubert, waren opgeruimd in het gemoed, om zulks te hooren; zy onderhielden hunne gemeentens hierover en verkregen hunne algemeene toestemming. Toen hierna de Godsdienst onderscheidelyk begon, nam de Heer Cilliers dezelve in de tent van den Hoofd-Kommandant waar; hy begon met het zingen uit Psalm 38 vers 12 16, deed vervolgens het voorgebed, en sprak over de 24 eerste verzen van het 6 Kapittel uit Judicuan of de Rigteren; besloot vervolgens met her Gebed, waarin de belofte voormeld aan God word gedaan, en eene krachtige smeking, om Gods hulp en bystand, in het volbrengen dezelve; er werd weder gezongen, de 12 en 21 versen van voorm. 38 Psalm, en hy besloot de godsdienst, door het zingen van Psalm 134. Na den middag werd weder eene byeenkomst gehouden, en men zong verscheidene toepasselyke versen; de Heer Cilliers maakte weder een aanspraak en verrigte het openbare gebed; op welke wyze, ook de avond werd doorgebragt.

Dit laaste rapport, kwam op Zaturdag den 15 Dec., toen wy juist aan eene andere spruit gelegerd waren. Het Lager goed voorzien hebbende, begaf de Hoofd-Kommandant zich met een gedeelte menschen naar die plaats, hebbende voorafook rapporten van den Kommandant De Lange, ontvangen, dat het de kommando der K...s was, die aan het naderen was. De Hoofd-Kommandant aldaar gekomen zynde, werd besloten, (terwyl het reeds tegen den avond was, en verscheidene menschen, naar alle oorden op patrouille uit waren, zoo dat hy te weinig met zich had, voor die lelyke plaats, temeer daar de Sabbath voorhanden was,) alles te laten berusten tot den volgenden Maandag, (al zouden zy ook aannaderen,) ten einde den Sabbath niet te ontheiligen. De Hoofd-Kommandant gaf orders, om de hekken en poorten goed te verzekeren, en dat alle man, omtrent 2 uren voor daglicht, opgewekt zoude worden. Aan alles werd voldaan, op den bepaalden tyd werd alle man opgewekt, en wy hielden ons gereed.

Zondag, den 16 December, werd voor ons als geboren; de lucht was open, het weder klaar en helder. Naauwelyks zag men het schemerlicht aanbreken, of de wachten, die nog op hunne posten

Vervolg op bl. 20

Mediaverklaring

Die onderstaande gesamentlike mediaverklaring is na afloop van die kongres oor "Evolusie en ons Christelike geloof", 16 & 17 September, uitgereik:

In 2009, tydens die VCHO se konferensie oor evolusionisme, is die volgende gevra: Word Suid-Afrika se samelewing stelselmatig lewensbeskoulik getransformeer en waarnatoe?

Met hierdie vraag wou aangetoon word dat tussen die evolusie-beskouing en die idee van transformasie daar 'n ooreenkoms bestaan. Dit was toe al baie duidelik dat evolusionisme, soos wat dit op skool en aan universiteit geleer word, die idee van transformasie komplementeer. Evolusionisme staan vir volslae verandering, weg van die bestaande. Mense sou nou kon vra: "Maar wat is die probleem?" Indien evolusie en transformasie (die modewoord vir ons tyd) as't ware sinoniem met mekaar is, waarom word so 'n ophef daarvan gemaak?

In 2011, tydens die VCHO se onlangse konferensie oor evolusionisme, is die filosofie en die wetenskap daarvan nader ondersoek. Op grond hiervan is ons nou in die posisie om die vraag van 2009, verder met oortuiging te kan beantwoord. Suid-Afrika word inderdaad deur die evolusie-dogma nie net lewensbeskoulik nie, maar ook in ideologiese en godsdienstige sin getransformeer. Weer sou iemand kon vra: "Maar wat is nou die probleem?"

Die 2011-konferensie het die antwoorde hierop gebied. Antwoorde wat vir die eerste keer so pertinent vanuit die wetenskap, onderwys en filosofie van die evolusie uitgestal is, dat dit 'n mens verstom het. Die wetenskapsmodel en die onderwys- en filosofiese beskouing waarmee in evolusieleer gewerk word sluit ten nouste bymekaar aan. Dit het haas onmoontlik geword om die evolusieleer nie te ontbloot vir wat dit werklik is nie.

Om nou by die problematiek wat eerstens aan die Christelike geloof en tweedens aan die wetenskaplikheid gestel word, sover dit evolusie betref, uit te kom. Die ondersoek tydens die 2011-konferensie het die antwoorde opgelewer wat vir soveel jare uitgebly het. Antwoorde wat die Christelike leer en onderwys tans voor onafwendbare rekenskap te staan gebring het. Noudat ons die antwoorde op die tafel gekry het, is die Christendom van Suid-Afrika nie meer op die pleit van onkunde vry te spreek nie. Ons verkeer nie meer in onkunde oor presies waarheen evolusieleer met Suid-Afrika se samelewing op pad is nie. Danksy die wetenskaps- en onderwys- en teologies-filosofiese bydraes uit Potchefstroom en Pretoria se hoër opleidingsinstansies, het die werklikhede van evolusieleer sienderoë voor ons oopgegaan. Die Christen hoef nou nie meer te bespiegel oor die goedheid, die wonderlikheid van evolusieleer, al dan nie. Die Christen is nou voor die gegewe dat hy/sy sal moet kies. En daardie keuse berus enkel maar op die aanvaarding of verwerping van die onwankebare gesag en waarheid van Gods Woord en die onderwys/wetenskap in die lig daarvan gesien.

Die kernsaak waaroor dit vir die Christen in hierdie besluit gaan is die Christelike leer oor God-Drieënig en die werke van sy hand, met die mens as die kroon daarvan. Evolusieleer sluit in geen opsig hierby aan nie, nie eers in die teïstiese beskouing nie. Mense verkeer vandag valslik onder die indruk dat die teïstiese beskouing oor evolusie, waarmee in afgelope dekades gekom word, die probleem met evolusie reggestel het. Met teïsme en al het evolusie egter nog geensins van die oerbeskouinge daarvan afgewyk nie. Trouens, evolusieleer kan op geen wyse reggeskaaf word, met die oog op aanvaarding nie. Waarom nie? Eenvoudig omdat dit die bewese teëstelling met die Christelike leer daarstel. Evolusieleer het afskeid geneem van die geloof in die Drieënige God wat die Christen bely. Dit stel in die plek daarvan die godheid van die natuur waarin geglo (moet) word. Die natuur, so tot evolusie-god gekroon, moet deur middel van evolusieprosesse die voortgang van alle dinge verseker.

Evolusie in teïstiese sin, behels die teorie van verandering waarby die skepper en bestuurder van die heelal soos dit gestel word, betrokke sou wees. Vanaf 'n punt wat eens onvolkome is, word na 'n punt van veronderstelde beter volkomenheid beweeg. Dit geskied deur 'n proses waardeur die bestaande so verander (transformeer) word dat die eindresultaat deur niemand voorsien kan word nie. Evolusionisme staan allesins in die teken van verandering, waar niks meer as onveranderlik en seker gesien word nie. Die Christelike leer oor die onveranderlikheid van God en die sekerheid van die Christelike geloof, word deur evolusieleer opgehef. In die plek daarvan word die leer dat alles aan die verander is gestel; alles waarvan ons kennis dra is in 'n proses van onomkeerbare (ver)wording na 'n uitkoms wat onvoorsienbaar is. Niemand weet wát die uiteinde daarvan is nie. Selfs Christus word nie ontken of ontsien nie; Hy is ook slegs maar deel van die groot proses van verandering na wie weet wat? Wat die Christendom oor God, die voleinding van die skepping en die aanbreek van die ewige heerlikheid vir ware gelowiges bely, word deur evolusieleer gekanselleer ten gunste van 'n "oop einde". Maak Sy middelaarswerk dan nog enige sin? – nie wanneer die mensdom Hom nie meer nodig het nie. Evolusieleer gee aan ons in lewensbeskoulike, ideologiese en godsdienstige sin die transformerende mens wat God nie meer nodig het nie. Evolusionistiese transformasie bring die "ware bevryding". Niemand weet egter nog wat wat dit inhou nie; maar dat dit sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld is, is gewis.

Een van die referente het dit vergelyk met mense wat op die afgrond afstuur; êrens probeer iemand nog desperaat met 'n stootskraper om hulle daarvan weg te keer. Moet ons met Christelike bewoënheid aanvaar dat daar steeds dié sal wees wat verkies om die afgrond af te stort met dié kreet nog op hulle lippe: "Maar wat is dan nou die probleem?"

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

Die deelnemers aan die konferensie wil hulle staanplek hiermee duidelik en onomwonde verklaar. Hierdie drie, te wete Bybel en Volk, die Akademie vir Reformatoriese Opleiding en Studie en die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys verklaar hiermee die volgende: Dat hulle onbeweeglik by die Christelik-gereformeerde oortuiging staan en daardeur die evolusionisme van harte afwys, wat die kiem huisves wat afval van die Ware God en die Bybelse geloof tot gevolg het. Hierdie drie genoemdes staan gevolglik daarby dat die gereformeerde leer oor God, sy Raadsplan en sy werke, met inbegrip van die skepping, die Allerwaarheid bevat. Soos dit op grond van die Bybel in die drie *Formuliere van enigheid* bely word, bevat dit die waarheid van die Christelike geloof en vir die besinning oor die werklikheid. Daarom word evolusieleer soos dit aan ons skole en universiteite as die wetenskap vir die Christengelowige geleer word, met beslistheid verwerp. Evolusieleer word verwerp, deurdat dit (i) 'n ander leer in die plek van die Christelike leer stel, (ii) die wetenskap wat daaruit voortkom vir die Christelike besef tot die aanbidding van die natuur naas God lei, of dat die natuur in sy plek aanbid word, en (iii) daartoe lei dat 'n onbybelse beeld van die werklikheid geskep word, wat tot vervalste kennis en wetenskap lei. Evolusie-filosofie maak dat die sekerhede waarop die Christelike geloof gebou staan, deur die teorie van verandering tot onsekerhede waarvoor die "oop einde" moet instaan, omvorm word. Dit lei tot fatalisme en ongeloof, omdat weggedoen word met die ware en seker kennis van God en sy werke, kragtens die gereformeerde leer.

Hierdie genoemdes verklaar ten slotte dat hulle hierdie standpunt vir God-Drieënig en sy Woord vanuit innerlike oortuiging inneem, omdat hulle nie anders kan nie.

Vervolg van bl. 14

aborsie-, homoseksualiteits- en feministiese kultuur.

Die groepe wat by dié kultuurrewolusie betrek is, het almal wat tradisioneel "onderdruk" is ingesluit, waaronder die vrou, minderheidsgroepe, anderskleuriges, studente, kinders, homoskesuele, ens. Al hierdie groepe het vir hul regte begin veg en die rol van die man as hoof van die gesin is met die "outoritêre persoonlikheid" in verband gebring. Sonder dat die samelewing dit besef, is die gesag van God wat deur soveel gesagsinstellings werk op hierdie wyse uit die Westerse psige verwyder. Terselfdertyd is die Christelike God (wat in Jesus Christus as 'n man verskyn) as 'n diktator voorgehou wat geen "verdraagsaamheid" teenoor hierdie nuwe waardes en ander gelowe het nie.

In die plek van die tradisionele Christelike waardes kom daar nou 'n Dionysus-kultuur waarvan die godsdienstige orde gekenmerk word deur seksuele permissiwiteit, homoseksualiteit en die militante vrouefiguur. Dié Dionysus-kultuur van die misteriegodsdienste was nog altyd deel van die okkultiese tradisie en dit is die godsdiens van die hoë hiërargie van geheime organisasies. Deur al die eeue was dié godsdienstige orde die teenpool van die Christelike. Namate die uiteindelike nuwe orde in die wêreld nader kom, word hulle kulturele waardes ook al duideliker sigbaar.

Saam met dié kultuurrewolusie kom daar egter ook 'n nuwe ideologie wat verseker dat hierdie waardes vasgelê word en dat die Christelike waardes finaal op die kantlyn uitgedruk word. Dit word "politieke korrektheid" genoem. Die agente van kultuurverandering het in hierdie verband, net soos met die "bevryding" van seksuele waardes, by Sigmund Freud gaan kers opsteek. Sy psigologiese kondisioneringstegnieke leen dit daartoe dat die mens, net soos muise, gekondisioneer kan word, om net op 'n sekere wyse op te tree. Deurdat die vroeëre kultuurnorme as "outyds", "regs", "dominerend", "onaanvaarbaar", ens. beskryf word en dit summier en op kragdadige wyse verwerp word, word die publiek onbewustelik gebreinspoel dat hulle daarvoor versigtig moet wees. Deur enige iemand wat dit waag om hierdie norme te verdedig op die destruktiefste wyse moontlik te kritiseer en selfs as psigologies ongebalanseerd te beskryf, word sulke gedrag ontmoedig. Die publiek word deur hierdie kritiek en negatiewe terme beïnvloed om alles wat met dié nuwe norme verskil as "gevaarlik" vir die samelewing te beskou. Hiervolgens is daar baie ruimte vir alle groepe van die "New Left", maar groot onverdraagsaamheid teenoor tradisionele en konserwatiewe groepe wat Christelike waardes voorstaan.

Uiteindelik sal Christene wat nog tradisionele waardes voorhou 'n baie klein minderheidsgroep in die samelewing word en sal vervolging teen sulke mense ook die goedkeuring van die samelewing wegdra. Daar is maar 'n klein tree tussen dié onverdraagsaamheid en die instel van beperkende maatreëls wat op vervolging sal uitloop. Verder sal niemand dink dat dié optrede onverdraagsaam en onderdrukkend is nie, omdat die massapsige so gekondisioneer is dat daardie mense nie in die samelewing welkom is nie. Die volgende tree na 'n "ritualised manhunt … in the manner of the Spanish Inquisition" is dan sekerlik 'n baie aanvaarbare manier om "sosiale onrus" te bekamp. So sal 'n "sophisticated form of slavery … (which is) an absolute prerequisite for social control in a world at peace" 'n harde werklikheid word. Die meer as 17 tribunale wat reeds die afgelope tyd in die wêreld ingestel is (en word) om sake van menseregteskendings te ondersoek, sal duidelik maklik oorgaan tot inkwisisies waar "fundamentaliste" vervolg kan word. So 'n diktatoriale samelewing sal sekerlik verder ook, net soos onder kommunisme, voordurend op hul onderdane spioeneer en feitlik alles monitor om persone wat nie saamwerk nie, te vervolg.

Aros

Nuwe geleenthede vir Christen-onderwysers

Rob van der Kooy

In 2003 het 'n dinkskrum besluit dat iets aan die groeiende tekort aan onderwysers en veral Christelike onderwysers gedoen moet word, en dat die beste manier om dit te doen, is om self die opleiding aan te pak. So gesê, so gedoen!

Vandag dink die mense van die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) al daaraan hoe om binne enkele jare 'n duisendtal onderwysstudente te akkommodeer. Met Christus kan jy oor 'n muur spring!

In daardie jaar is 'n ooreenkoms met die destydse Potchefstroomse Universiteit vir CHO aangegaan om die volledige B.Ed.-graad namens Potchefstroom in Pretoria aan te bied. Dit is op 'n heel unieke manier gedoen: Studente loop die meeste van hul klasse op 'n Saterdag. En vir minstens 'n deel van die week moet hulle by 'n skool ingeskakel wees om praktiese ondervinding op te doen.

Algou was dit duidelik dat hierdie model uitstekend werk. Die getal studente het elke jaar meer as verdubbel, en lewer ook goeie akademiese resultate. Skoolhoofde is baie beïndruk met die model, want hulle kry toegewyde studente wat kom uithelp waar hulle tekorte ondervind. En wat hulle later, sodra hulle kwalifiseer, graag wil aanstel.

In 2004 had Aros drie studente. In 2010 was daar meer as 300. Toe kom daar 'n hekkie wat agterna geblyk het 'n bedekte seën te wees. Potchefstroom stel Aros in kennis dat die samewerkingsooreenkoms op aandrang van die Departement van Hoër Onderwys nie voortgesit kan word nie en uitfaseer moet word. Dus, in 2011 was daar geen eerstejaarstudente nie, terwyl meer as 200 wou inskryf.

Net daar en dan besluit Aros om 'n eie B.Ed.-graad saam te stel en akkreditasie daarvoor by die Raad vir Hoër Onderwys te kry en om by die Departement van Hoër Onderwys as tersiêre instelling te registreer.

Pyn en moeite

Maar, soos met baie dinge in die lewe was dit makliker gesê as gedoen. Die implikasie was baie swoeg en sweet, studie, opstel van programme en modules, tientalle beleidstukke, die betrekking van konsultante en aangaan van hoë koste.

Vroeg vanjaar is die aansoeke ingedien en dit was die begin van 'n lang proses wat nou, in Desember, DV met sukses bekroon sal word. Tot hiertoe het die Here ons bygestaan. Sal Hy dan nie ook verder met ons wees nie?

Die Raad vir Hoër Onderwys het 'n afvaardiging gestuur om na die fasiliteite en die dokumentasie te kom kyk en om moeilike vrae te vra. In Oktober het hulle laat weet Aros se B.Ed.-graad (grondslagfase) is geakkrediteer en dat enkele kleiner sake voor 4 Januarie 2012 aandag moet kry. Geen probleem nie.

Die akkreditasie was 'n voorvereiste vir registrasie. Die betrokke departement het die registrasie-aansoek in behandeling geneem en in die vooruitsig gestel dat teen die middel van Desember alles in kanne en kruike behoort te wees.

Indien dit die geval is, kan Aros dadelik begin om sy eie eerstejaarstudente te registreer. Dit sal nie nodig wees om hulle te werf nie, want in die afgelope maande het meer as 300 kom aanmeld. Aros kon hulle niks belowe nie, en van hulle moes intussen noodgedwonge ander planne maak. Maar Aros is voorbereid om ruim 200 eerstejaarstudente in te skryf, bo en behalwe die oorblywende 150 studente van die "Potch-bedeling"..

Unieke model

Waarom sou studente by Aros inskryf en nie by 'n ander tersiêre instelling soos 'n universiteit nie? Waarskynlik is daar 'n verskeidenheid redes. Die sogenaamde gemengde model van aanbieding is sekerlik 'n belangrike een. Volgens hierdie unieke model loop studente Saterdae klas en in die week skakel hulle met die dosente per e-klaskamer en is by 'n skool ingeskakel waar hulle allerlei soorte onderwyshulpdienste verleen. Tussenin moet die studente studeer en take doen, en dalk ook nog êrens 'n sakgeldjie verdien.

'n Ander rede is sekerlik die feit dat Aros 'n Christelike (reformatoriese) graad aanbied.

Ook 'n besondere aspek van Aros se benadering is dat dit nie nodig was om geld aan duur geboue en ander fasiliteite te bestee is nie. Al die fasiliteite van die Gereformeerde Skool Dirk Postma in Waverley word gebruik. Vir daardie skool is dit 'n bron van inkomste en daarby heel gerieflik, omdat die fasiliteite tog nie Saterdae gebruik word nie. En selfs as Aros die fasiliteite smiddae en saans in die week nodig sou hê, is dit nie 'n probleem nie. Reg langs die skoolterrein het Aros sy eie kampus met kantore en 'n lesingsaal. Dit word dwarsdeur die week deur die personeel, dosente, vir ekstra klasse en natuurlik ook vir eksamens en vergaderings gebruik.

Engels en dosente

Hoewel die volledige B.Ed.-graad van vier jaar in Afrikaans aangebied word, is daar ook 'n aantal Engelssprekendes en van ander herkoms wat by Aros studeer. Dit is vir hulle nie 'n probleem nie, omdat die meeste van die voorgeskrewe boeke in Engels is.

Pretoria is 'n stad met 'n hele paar universiteite en navorsingsinstansies, dus met baie hoogs gekwalifiseerde akademici. Daarom is dit vir Aros ook nie 'n probleem om gekwalifiseerde dosente op 'n deeltydse basis te betrek nie. Vir hulle is dit nie net 'n ekstra inkomste nie, maar ook 'n geleentheid om hul kennis aan die volgende geslag oor te dra.

In die eerste jaar kon reeds 'n tiental dosente betrek word. Vandag is daar 41, waarvan vier voltyds.

Christelik-gereformeerd

Aros is gestig met die uitsluitlike doel om Christelike (reformatoriese of gereformeerde) onderwysers op te lei. Ook dít voorsien in 'n besondere behoefte, omdat universiteite dit nie meer doen nie. Talle skoolhoofde in en om Pretoria getuig egter van die sterk behoefte wat ouers in hierdie verband uitspreek.

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

Al die modules wat Aros nou ontwikkel het, spreek van die sterk Christelike karakter. Hier word voortgebou op die werk wat oor die jare heen deur instellings soos die CNO-skole vanouds, die VCHO en die PU vir CHO gedoen is. Die fakkel van Christelike wetenskap moet verder gedra word. Hier lê egter nog 'n lang pad van ontwikkeling voor.

Behoeftes

Met vrymoedigheid kan Aros getuig dat die Here die werk geseën het en dat Hy talle paaie oopgemaak het net wanneer dit gelyk het asof daar nie meer 'n oplossing sou wees nie. Daarom kan die groeiende personeel met vrymoedigheid die toekoms tegemoet gaan. Dat daar nog talle moeites en probleme is en sal wees, is gewis. Daar is 'n voortdurende tekort aan allerlei fasiliteite, maar met fondse is daar steeds baie geleenthede en planne. In dit alles sal die Here egter voorsien, soos wat Hy nou al agt jaar lank doen.

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES



Vervolg van bl. 15

waren, en naauwelyks sien konden, ontwaarden dat die Zoolas aan het naderen waren. De Patrouilles nu, waren allen, in het leger 's daags te voren, by malkander geroepen, door alarm-seinen, met het kanon. De vyand dan naderde, in volle vaart, en eensklaps hadden zy het lager aan alle zyden omcingeld. Onderwylen werd het licht, zoo dat men hen konde zien naderen, terwyl hunne voor gangers reeds waren terug geschoten. Hun aannaderen, leverde (hoewel akelig door de groote magt,) echter een schoon gezigt op; zy naderdenby regimenten, ieder kapitein met zyne manschappen achteraan, (zoo hadden de patrouilles 's daags tevoren hen ook zien opkomen), tot dat allen ons omcingeld hadden. Ik konde hen niet tellen, doch men zegt, dat een gevangene K..., het getal van ses en dertig regimenten opgaf, welke regimenten, met ten getale van "negen a tien duizend man" moet berekenen. Het gevecht nu ging aan, en de kanonnen werden ujit ieder poort gelost; zoo werd het gevecht hevig, zelfs in het schieten met kleine geweren, zoo van onze – als van hunne zyde. Nadat zulks nu ruim twee uren, op het horologie had geduurd, gaf de Hoofd-Kommandant orders, (terwyl de vyand gedurig het lager bestormde, en hy vreesde, dat onze ammunitie verminderen zoude,) "*dat de poorten geopend, en te paard tegen hen gevochten moest worden.*" Dit werd gedaan, en tot onze spyt, vloden zy zoo erg, dat men hen in vele wegen moest achterjagen. Weinigen bleven in het lager en Hoofd-Kommandant zelve, na dat hy de noodige orders gegeven had, begaf zich achteraan. Zyne schietpaarden waren door anderen genomen, en hy zelve, moest zich op een wilde paard begeven; hy achterhaalde eene groote party en joeg hen zeen na op het lyf, met volle drift; een der Zoolas bestormde hem, hy egter loste het schot van een der loopen van zyn geweer, om den K... neer te vellen; doch het paard daar hy op zat vloog zoo schichtig weg, dat hy miste en willende hen andere doen, vas onwetende dat de stopper van het slot ?geschoven was zoo dat hy de haan niet konde spannen. Nu had hy geen tyd meer, en sprong van het paard – de k... springt hem met een op het lyf, en steek naar hem met zyn assagaai, dewelke hy tot twee reizen met zyn geweer afkeerde; doch de derde maal, niet kunnende weerde hy die steek af, met zyne linkerhand, in dewelke de k... den assagaai stak. Hy springt nu naar den K... toe, pakt hom aan, en smyt hem tegen den grond en houdt hem zoo lang vast, hoewel hy erg worstelde, tot dat P Roedeloff was gekomen; toen trok hy de assagaai met alle magt uit zyne hand, en steekt den K... onder zich dood. Hy dan keerde terug naar het lager, om de wond te doen verbinden, hetgeen geschiedde. Hy sprak echter, dat niemand zich moet laten afschrikken, dat die wond hem geen leed doen kon, en dat hy verblyd was, dat hy nog de eenigte was, in een zoo groot gevecht, die gering gewond was; de wond echter was erg. Men vernam met leedwezen dat *Gerrit Raath*, hetzelfde ongeluk was wedervaren, op dezelfde wyze, als den Hoofd-Kommandant; doch hy was daarby gevaarlyk gewond, in zyne zyde; alsmede *Philip Fourie*, die onder het gevecht in het lager, door een assagaai, in zyne been gewond was, welke ook gevaarlyk was. Gerrit Raath, is in het veld blyven liggen, en werd gehaald, en op een katal naar het lager gedragen. Alzoo werd de Zoola kommando achtervolgd, ruim drie uren ver, en men keerde terug, terwyl hen ieders ammunitie verschoten was. De Hoofd-Kommandant gaf dadelyk order, de geweren uit te wasschen, en dat een ieder zich voorzien moest van ammunitie, dit werd gedaan en op nieuw kogels gegoten. Men offerde gebeden en dankzeggingen tot God en na de godsdienst verrigt te hebben, zond de Hoofd-Kommandant weder eene sterke party achteraan, om de Zoolas te vervolgen, zoo ver zy konden; doch deze kwam's avonds terug, hen niet kunnende achterhalen. 's Anderen daags, namen wy het getal der gesneuvelden op; de geene welke om en naby het lager doodgeschoten waren waarvan een gedeelte niet geteld zyn, met die welke achter hald en doodgeschoten zyn, vond men te zyn, het minst zeker getal, ruim meer dan *drie duizend*, behalven de gewonden.

Uitnodiging

Die aandag van lesers van veral in en om Bloemfontein word daarop gevestig dat 'n gereelde Bybelstudie DV gedurende die jaar (vakansies uitgesluit) by die kantoor van die VCHO gehou word. Die groep wat reeds daaraan deelneem bestaan tans uit predikante, dienend asook geëmereriteer, maar enige ander Christengelowige van gereformeerde oortuiging word vriendelik uitgenooi om in 2012 van 24 Januarie af by ons te kom aansluit op 'n Dinsdagoggend. Dit begin om 09:00 en duur gewoonlik tot so 10:30. Ons vertrou daarop dat in 2012 ook van ons ander dominees en gelowige broeders by ons sal aansluit vir studie en gebed. U is hartlik welkom.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M.Strauss.

VCHO
50
(1999)

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Ds S. le Cornu (Carletonville), Ds G. van Heerden (De Deur), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H. Horn (Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr H.G. Stoker (Pretoria), dr A.L.A. Buys (Pretoria) en mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer (Brakpan), Prof J.A.E. Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes